DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

29 November 2020

## TEMA 2020—VISIE 20/20

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**



**Skriflesing** Romeine 11 : 33 - 12 : 2

**Tema** Eer God in die erediens van jou lewe.

**Fokusteks** Romeine 11 : 33 - 36

**Sang** Psalm 147: 1, 3
Skrifberymimng 12-2: 4, 5
Psalm 84: 6
Skrifberyming 4-6

Aan wie gee jy die eer? In die Reformasie het die Pous oor die kerk en op sekere tye selfs oor die staat geheers. Om die Pous teen te staan was so goed as jou eie doodsvonnis onderteken. Luther is ook as gevolg van sy opstandigheid teen die Roomse kerkstelsel ter dood veroordeel. Die Pous is as die verteenwoordiger van Christus op aarde vereer en saam met al die heiliges was dit 'n sisteem wat al die eer aan die mens gebring het. Luther het die Bybel weer opnuut bestudeer. Sy enigste gevolgtrekking was: Soli Deo Gloria. Aan God alleen, al die eer! Daarom was dit logies dat die ander 4 Solas ook beklemtoon is - Sola gratia, Sola fidei, Sola Christos en Sola Scriptura. In plaas van Soli Deo Gloria, leef die wêreld: My eie eer staan voorop. My eie eer word nagestreef. Die sonde word in ons tyd verhef en vereer. Sportsterre en sangers word verafgod en God word na die syspore van die samelewing gerangeer. As gelowiges het ons net een pad - Terug na die Skrif. Terug na God in Jesus Christus. Geen mens of beeld in die middelpunt van die erediens en my lewe nie – net God en Sy Woord.

Dit is ons doel, plek en taak in die skepping. Dit is die rede waarom God ons uitverkeis het en deel van Sy verbond gemaak het. Daar kan nie 'n hoër doel in die lewe wees nie. Enige ander lewensdoel sal te klein of bereikbaar wees. Ons lees dit regdeur die Bybel. Jeremia leer, die Here het die volk Israel gekies: "Hulle moes My volk wees, hulle moes lewe tot my roem en eer en 'n sieraad vir My wees, maar hulle het nie geluister nie. (Jer 13:11). Die mens wil homself voor God verhef. Nebukadnesar stap in sy tuine en kyk na alles wat hy tot stand gebring het (so dink hy) en sê: Kyk net hoe groot is Babel. Deur my groot mag het ek daarvan 'n koninstad gemaak, tot my eer en roem. Die Here het hom soos 'n dier laat gras vreet, totdat hy sy fout erken en bely het: Ek, Nebukadnesar, prys en eer en loof die Koning van die hemel. Alles wat Hy doen, is reg, sy optrede is regverdig. Hy het die mag om hoogmoediges te verneder (Dan 4: 37)

Ons lees dat die mense van Tirus en Sidon vir Herodes kwaad gemaak en op 'n dag toe hy op die troon gaan sit om die saak aan te hoor, wou hulle hom vlei en het uitgeskreeu: Dit is 'n god wat praat, nie 'n mens nie!

Dan lees ons: Op daardie oomblik het ‘n engel van die Here hom getref, omdat hy nie die eer aan God gegee het nie. Hy is deur wurms verteer en het gesterwe (Hd 12:20-24).Wanneer die eer wat God toekom nie aan Hom gaan nie, steel jy die eer van God. Die probleem vandag is, die mens wil alles wetenskaplik uitredeneer en verstaan. En as dit nie volgens ons maatstawwe en standaarde is nie, sukkel ons om God se waarheid te glo. Daarom roep in Paulus in verwondering die woorde in ons teksverse. Die mens kan nie God se wysheid en sy werk ten volle begryp, verstaan en uitredeneer nie. Die omvang is ver bo ons vermoë.Paulus roep: v 33 – 36. “O” is ‘n emosionele uitroep in verwondering. Dit gaan oor God. Geskryf deur ‘n mens wat die kerk wou uitroei en nou probeer hy om met beperkte mense taal die onmeet-like dieptes van God aan ons te beskryf. Hy ken nou God se genade en liefde. Ps 92:6 leer: Groots is alles wat U doen, Here, ondergrondelik (baie diep) u gedagtes. Wetenskaplikes ontdek nog elke dag hoe die natuur werk. Aardverwarming dwing ons om die balans wat God gestel het, weer raak te sien. Paulus bid in Efesiërs dat gelowiges kan begryp: Hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Hy het dit eerstehands ervaar en geken. Ps 103: Sover as die ooste verwyder is van die weste, sover verwyder Hy ons oortredinge van ons.

Die ooste en weste is twee punte wat nooit bymekaar kan uitkom nie. Verstaan ons God se liefde vir ons, dat Hy ons sonde so ver verwyder? God het volkome insig in alles… Dit is ‘n oorweldigende wete… Die mens weet maar baie min. Dit wat ons weet is wat God ons wil laat verstaan. Ons begrip is te klein, ons insig te beperk.  “hoe onaanspeurlik is sy weë”.  Die Griekse woord is spoorsny. God laat nie ‘n spoor agter dat ons sy pad kan volg nie. Niemand kan soos hy wees nie. Hy is Soewerein.

Hierdie dinge laat Paulus in verwondering 3 retoriese vrae vra in v 34: Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom ‘n guns dat Hy verplig is om iets terug te doen? Die antwoorde is voor die handliggend: Geen skepsel nie – nie in die hemel of op aarde nie. Niemand kan God se bedoeling peil of uitpluis nie. Niemand gee Hom raad nie. Ja, dikwels wil ons hom in ons gebede voorskryf wat Hy ons moet antwoord. Maar raad kan ons hom nie gee nie. Hy is Almagtig en alwetend!  Ons bid juis insig en wysheid van Hom af. Nie-mand is in staat om God enige guns te bewys asof God hom iets skuld nie.  Ons leef dikwels asof God ons dit of dat skuld. God het nog nooit onder enige verpligting teenoor iemand gestaan nie. Hy is Kurios - besitter van alles. Alles wat ons het kom van Hom af. Ons is in die skuld by Hom… Tog het Hy ons so lief dat Hy sy Seun Jesus Christus in ons plek laat sterf het. Nadat Paulus hierdie dinge oordink het, kan hy nie ander as om in aanbidding uit te roep. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen

God is die bron van alle dinge. Hy is die Alfa en die Omega. God het alles. Hy gee alles. Ons kan niks ontvang wat Hy nie eers gegee het nie. Joh 1:1-3 herinner ons hieraan: In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God en die Woord was self God.  Hy was reeds in die begin by God.  Alles het deur Hom tot stand gekom; ja, nie ‘n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.  Hy onderhou alles en almal. Hy het ons elkeen se geboorte - en sterfdag bepaal. Hy is die motief vir alles - “tot Hom is alle dinge” Hy is die rede waarom ons steeds almal op aarde bestaan.

Hy is God en nie jy nie. Die grootste fout wat ons kan maak is om te dink dat God daar is om ons te versorg. Ons is hier in 2020 om tot sy eer te leef! Die Heilige Gees lei ons as kinders om God te ken en te verheerlik. Hy moet in die middelpunt van alles wees.
Daar is twee dele van God se eer wat ons mooi moet hoor en duidelik moet onderskei:

1. Intrinsieke eer – die eer wat Hy as God besit. Niks en niemand kan dit van Hom wegneem nie. Hy is die Almagtige, die Ganzandere, gevul met eer, roem en glorie.
2. Eer van buite – Dit is die eer wat mense, engele, die skepping aan God gee. Dit maak nie God se intrinsieke eer meer of minder nie. Dit gee iets van die eer wat Hom toekom.

Die Bybel roep ons op: 1 Kron 16:23-25 Sing tot eer van die Here, almal op die aarde! Verkondig elke dag sy reddingsdade! Vertel die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade. Die Here is groot, al die lof kom Hom toe, ontsagwekkend is Hy bo alle gode"
Hier is dit waar ons ter sprake is. Jou hele lewe; jou denke, jou optrede, jou verhoudings, jou hele jy – moet God eer en verheerlik.
By Christus se wederkoms sal ons saam met die 24 ouderlinge in die troonsaal van God kniel en Hom wat op die troon sit aanbid. Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang… (Op 4:10-11)

# OOG VIR MEKAAR



* Ons dink in ons gebede aan Rika Schutte wat met kolonkanker gediagnoseer is. Ons bid dat die Here die familie sal vashou en vorentoe dra. Sterkte vir Elmara, Rinus en die kinders in hierdie moeilike tyd.
* Ons is dankbaar dat dit met Dawie van der Merwe goed gaan. Sy oë is nog ligsensitief. Seënwense vir die verdere genesing.
* Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse om geestelik staande te bly midde in Hennie se siekte.
* Tannie Esther Venter het 'n knoppie aan haar tong laat verwyder. Dit was kwaadaardig. Ons bid vir haar en haar familie. Sterkte aan die gesinne Venter en Linde in ons gemeente.
* Oom Jan Cloete se skoonsuster is die afgelope week oorlede. Ons simpatie en seënwense vir die familie.
* Ons bid vir Johan van Biljon wat besig is om sterker te word na sy operasie. Seën vir jou en Annemarie.


  Ons kinders se eksamen staan na die einde se kant toe. Ons is dankbaar dat die Here ons kinders, ouers en onderwysers deur 'n baie moeilike jaar gelei het.
* Ons bid vir almal wat ly onder die gevolge van die inperking. Mag ons troue Vader almal na liggaam en gees versterk.
* Die ouderlinge sal hulle huisbesoeke hervat en ons sal DV weer in 2021 as gemeente saam die Nagmaal vier.

## BYBEL VERTALING 2020 WEERGAWE

Die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel : 2020 vertaling is nou beskikbaar en kan bestel word by sales@biblesociety.co.za of vanaf die Bybelgenootskap se aanlyn winkel of van die kerkkantoor.



## ALMANAK 2021




Almanak 2021 is nou beskikbaar vir bestelling. Skryf nou jou naam op die kennisgewingbord vir bestelling.
Almanak 2021 se kostes is R100.00

***Die 2021 Almanak is nou beskikbaar by die kerkkantoor. Lidmate wat bestel het kan dit kom afhaal en die wat nog wil hê moet 'n draai kom maak want daar is slegs 'n beperkte aantal beskikbaar.***

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat Ds. Sarel se preke nou op YouTube beskikbaar is en om 09:30 elke Sondag "ge-live Stream" word . Gemeentelede kan nou die erediens op hulle slimfoon, tablet of rekenaar volg.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak, om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sidanige betalings.

## ATTESTAAT ONTVANG

Attestaat ontvang vanaf GK Brackenhof Alberton vir broer Mario en suster Sheralyn Janse Van Rensburg
Lidmate opgeneem broer Graeme Niksch en suster Ruby Niksch asook Harvey Niksch vanaf New Zealand.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **29 November** | **Kollektes** | **By deure:** | Diakonalesorg. |
| **1 Desember** | **10:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **2 Desember** | **18:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **3 Desember** | **09:30** | By Alta Theron se huis | |



## KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 30 Nov | Stephan Du Plessis<br>Werner Roux | B<br>B | 084 491 1165<br>082 469 4341 |
| Wo 2 Des | Hennie Combrink | B | 073 318 8142 |
| Do 3 Des | Melissa Oosthuizen | B | 082 488 7577 |
| Sa 5 Des | Nita Schutte | B | 079 515 1425 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 2 Des 1995 | Natie en Urshla Steynberg | 25 | 064 907 8872<br>079 690 4461 |
| 4 Des 1999 | Gary en Christa Carlisle | 21 | 082 745 7409<br>082 923 9845 |

<u>Gereformeerde Kerk Pietersburg Begroting Opsomminig tot einde Oktober 2020.</u>

<u>2020 Begroting Opsom-</u>

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2020 Bydraes Begroting op 5% | R 1 749 587.08 | | 2020 Begrote Uitgawes | R 1 877 97.08 | | Tekort 2020 | -R 127 610.00 |
| Gem. per maand | R 145 798.92 | | Gem. per maand | R 156 433.09 | | Tekort per Maand | -R 10 634.17 |
| | | | | | | | |
| 2020 Bydraes ontvang | R 1 181 853.26 | | 2020 Uitgawes | R 1 483 306.25 | | Tekort 2019 | -R 301 452.99 |
| Gem. per maand | R 118 185.33 | | Gem. per maand | R 148 330.63 | | Tekort per Maand | -R 30 145.30 |
| | | | | | | | |
| 2019 Bydraes ontvang | R 1 305 110.41 | | | | | | |
| 2019 Gem. per maand TOD | R 130 511.04 | | | | | | |

-R 76.90


| | | |
|---|---|---|
| Bydraes het geval per maand | R 12 325.72 | -9.44% |

<u>Maandeliks opsomming op 5% verhoging.</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gem. Bydrae per lidmaat | **R 371.94** | Tekort per Lidmaat | **-R 27.13** | Lidmaat Totaal '20 | **392** |
| Gem. Uitgawe per lidmaat | **R 399.06** | | | Lidmaat Totaal '19 | **463** |

Die tekorte sal moet uit die Investec Rekenning onttrek word.

| | | |
|---|---|---|
| Getrek die jaar uit Investec | R 410 000.00 | R 41 000.00 |
| Investec Saldo 30/06/2020 | R 5 609 064.26 | |
| Investec Saldo 31/10/2020 | R 5 557 787.49 | |
| | -R 51 276.77 | |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
R-
R50 000.00
R100 000.00
R150 000.00
R200 000.00
R250 000.00
JAN
R124 661.00
R147 923.92
FEB
R128 908.63
R158 569.19
MRT
R135 141.00
R171 780.23
APR
R90 471.00
R102 439.60
MEI
R124 521.00
R134 154.62
JUN
R128 095.00
R143 271.33
JUL
R128 442.63
R194 868.32
AUG
R107 461.00
R154 034.54
SEP
R103 661.00
R143 868.21
OKT
R110 491.00
R134 396.29
DANKOFFERS

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik sy weë!*
*"Wie ken die bedoelingvan die Here? Wie gee Hom raad?*
*Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?"*
*Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.*
*Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!*
*Amen*

*Romeine 11 : 33 - 36*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS